

“Loopholes”

Johan van der Merwe

CRUX
STUDENTEBEDIENING
Tegenaar vir die lewe



faktor



loophole [ˈluːp.həʊl]

n

1. an ambiguity, omission, etc., as in a law, by which one can avoid a penalty or responsibility
2. (Military / Fortifications) a small gap or hole in a wall, esp one in a fortified wall

Almal is lief vir loopholes – Christene ook! Ons wil almal graag “op ’n tegniese punt” okay wees. Ons soek ’n “bargain” en wil die meeste kry vir die minste gee.

Dikwels lei dit daartoe dat ons kyk hoe naby ons aan die afgrond kan loop sonder om in te val, oftewel “hoe ver ons mag gaan” sonder om “tegnies” sonde te doen.

“Loophole” Christene het gewoonlik ’n lysie van die “grootste sondes”. Hierdie lysies stem nooit regtig ooreen met die Bybel se lysie nie. En dit sluit nooit my gunsteling sondes in nie (gierigheid, selfsug en jaloesie kom bv. nooit daarop voor nie).

“Loophole” Christene is natuurlik ook baie lief vir die Bybel, want vir elke ding wat hulle wil regverdig, kan hulle ’n versie kry. Anne Lamott is reg wanneer sy sê: “You can safely assume that you've created God in your own image when it turns out that God hates all the same people you do.”

Sulke Christene GEBRUIK die Skrif i.p.v. om dit te GEHOORSAAM. Hulle ken al die verse oor ander mense se sondes!

As ons onself vra wat die X-faktor is wat van Christene mense maak soos Jesus dit bedoel het, dan is dit beslis nie om met God op tegniese punte te redekawel nie.

’n Rivier van Lewende Water

Matt. 15:1-7 en die “loophole experts”

Hulle het die “gees” van die wet met die “letter” van die wet probeer omseil.

Hulle het hulle interpretasies van die wet tot nuwe wette verklaar, wat die oorspronklike wet moes troef.

Hulle was liever vir die wette as vir die Een wat die wette ingestel het om vir sy wêreld te sorg.

Hulle het die wette gebruik om hulle eie agenda te bevorder en ander mee te oordeel en te manipuleer.

Jesus sien deur hulle

Wie bluf julle? In plaas van te sorg vir julle bejaarde ouers, sit julle julle besittings in ’n “God-trust” en sê dan dat julle nie daarvan mag gebruik nie, want dis “God s’n”. Ag kom nou, regtig!?

Jesus kan dit nie vat as ons sy Vader se WOORDE misbruik om NIE sy Vader se WIL te doen nie!

Joh. 13:34; 1 Joh. 4:11, Rom 13:8-9

Jesus kom vervang ons filters. Ons het tot nou sy woorde miskien gefilter deur ons eie agendas.

Jesus sê hier is die EEN filter wat tel – my nuwe gebod (wat eintlik die samevatting van al die “ou” gebooie is) – julle moet liefhê, want God het julle lief. Julle skuld aan elkeen my liefde.

CHRISTENE MET DIE X-FAKTOR VRA: WATTER GEDAGTES, WOORDE OF DADE SAL NOU EN HIER GOD SE LIEFDE WEERSPIEËL?

Dit is nogal skrikwekkend, want dit vat jou anderkant jou eie gevoelens, selfsugtige begeertes, selfs dit wat regverdig of konsekwent is en sal jou beslis uit jou gemaksone trek.



ONTHOU:

1. God het genadiglik nie al die moontlike “loopholes” gebruik wat daar was sodat hy jou nie hoef lief te hê nie.
2. As God jou liefhet, wat’s jou verskoning nou weer om loopholes te soek?

***In necessariis unitas,
in dubiis libertas,
in omnibus caritas***